Ontmoeting 5

Die 7 gemeentes van Openbaring

Hoe lyk jou binneste?

Teks: Openbaring 2 en 3

Hulpmiddels:

- 7 kerkies gemaak uit plastiekglasies of boksies (sien voorbeelde)
- 7 items om binne in die kerkies te plaas:
  - rooi karton hartjie (opgefrommel)
  - boeie – ŉ prentjie van boeie of boeie gemaak uit 2 sleutelringetjies
  - watte
  - lipstiffie
  - ŉ wekker of horlosie
  - Bybeltjie (maak ŉ klein Bybeltjie)
  - ŉ teesakkie (Hou lou water en ŉ koppie gereed om tee te maak.)
- Benodigdhede vir handwerk aktiwiteite

Welkom

"As jy my kan hoor" speletjie: Aanbieder begin eenvoudig speel, kinders val in en volg die aksie: "As jy my kan hoor – raak aan jou knie."
"As jy my kan hoor – draai in die rondte." "As jy my kan hoor – klap jou hande."
Hou so aan en noem aksies waaraan jy kan dink. Eindig met: "As jy my kan hoor – gaan sit plat!"

Wyding

Stilword-ritueel:

Almal maak hulle oë toe en luister na die geluide. Kyk hoeveel verskillende geluide jy kan hoor. Watter geluide is ver? Watter geluide is naby? Haal diep asem. Onthou dat God se Gees binne jou is. Blaas saggies op jou hand. Jy kan nie jou asem sien nie, maar jy kan dit voel. Al kan jy nie vir God sien nie, woon Hy ook binne jou. Sê vir God dankie dat Hy binne jou woon.

Woord

Gebruik nou die 7 kerkies:

Elkeen van hierdie kerkies lyk baie mooi van buite. Net so lyk ons ook baie keer mooi aan die buitekant. Elke gemeente (kerkie) het goeie dinge gedoen, maar elkeen het ook foute gemaak. God wys vir hulle deur die visioen aan Johannes hoe hulle harte lyk. Hulle kry die boodskap sodat dit wat aan die binnekant verkeerd is, reggemaak kan word. Hy wil hê hul harte moet reg wees, dan sal hulle die dinge kan doen wat God bly maak. Hul harte moet vol liefde wees, liefde vir Jesus en liefde vir ander.

Kom ons kyk nou na elke gemeente se binnekant:

Gemeente 1 – Efese

Efese het mooi gelyk aan die buitekant. Hulle het hard vir die Here gewerk en nie geluister na mense wat hulle wou oortuig om verkeerde dinge te doen nie. (Lig nou die kerkie op en vra:) "Maar ek wonder hoe lyk hulle binnekant regtig?"

(Wys opgefrommelde hartjie papier.) Kyk julle, hierdie was 'n mooi hartjie. Waaraan laat 'n hartjie ons dink? (Liefde) Nou hoekom is hierdie hartjie dan opgefrommel en oud?

Die boodskap van die Here vir die gelowiges in Efese was: "Maar dit het ek teen julle: Julle het My nie meer lief soos aan die begin nie." (Openbaring 2:4) Dit beteken dat hulle verander het. Aan die begin was hulle baie lief vir Jesus, maar nie nou meer nie. Hulle moet weer voluit vir Jesus lewe. (Jy kan ook vers 4–5 lees in Bybel @ kinders.) Die hartjie herinner ons aan die gelowiges in Efese wat nie meer vir Jesus so liefgehad het nie. Dit help ons om te onthou om elke dag voluit vir Jesus lief te hê met alles in ons!

- Ek wonder hoe jy vir Jesus kan sê of wys dat jy Hom liefhet.

ALMAL: "Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees sê."

Gemeente 2 – Smirna

Die gelowiges in Smirna was baie arm, maar tog was hulle ryk. Hoe kan dit wees? Hulle was ryk omdat hulle in Jesus geglo en Hom getrou gevolg het. Dit het hulle gelukkig gemaak. Maar wat is hier binne? (Lig die koppie op en wys die boeie.) Wat is dit? Dis boeie waarmee skelms se hande vasgemaak word. Hulle kry die boodskap dat hulle in die tronk gaan beland. Nie omdat hulle iets verkeerd gaan doen nie, maar omdat hulle in Jesus glo en ander mense nie van hulle hou nie. Die boeie waarsku hulle oor die moeilike tyd wat vir hulle voorlê. Maar luister na God se belofte aan hulle:

"Moenie bang wees as julle swaar kry nie. Party van julle gaan in die tronk beland. Daarvoor gaan die duiwel sorg. Hy sal julle wil toets. Maar dit sal nie lank aanhou nie. Bly aan die kant van God, al gebeur wat." (Openbaring 2:10 in Bybel @ kinders)

Die boeie herinner ons aan die gelowiges in Smirna wat tronk toe is vir hulle geloof. Ons wil altyd onthou dat God by ons is as dit swaar gaan.

- Ek wonder hoe Smirna se gemeente oor die brief gevoel het.
- Ek wonder hoe sou jy voel as jy moes hoor dat jy in die tronk gaan beland terwyl jy niks verkeerd gedoen het nie.

ALMAL: "Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees sê."

Gemeente 3 – Pergamum

Daar was mense in Pergamum wat die Christene wou seermaak. Tog het die Christene in Jesus bly glo. Maar was alles in orde? (Wys die watte.) 'n Paar mense in die gemeente van Pergamum het geluister na twee slegte mense wat vir hulle wou oortuig om ander gode te dien. Hulle het gedink hulle kan maar dinge doen wat vir God hartseer maak. Johannes vertel dat God wil hê hulle moet na Hom luister. Hulle moet die watte uit hul ore haal, sodat hulle reg kan hoor wat God wil hê hulle moet doen.

Lees: "Elkeen wat kan hoor, moet luister wat die Gees (vir die gemeente) sê." (Openbaring 2:17) Die watte herinner ons aan die gemeente in Pergamum wat nie wou luister nie. Ons wil ons ore oop hou vir die woord van God.

- Ek wonder of jy al gehoor het dat mense sê "Dis reg om te doen" en dan weet jy dis iets waarvan God nie hou nie.
- Ek wonder wat maak dit moeilik om die regte keuses te maak.

ALMAL: "Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees sê."

Gemeente 4 – Tiatira

Die gemeente van Tiatira het baie goeie dinge gedoen. Hulle was lief vir mekaar. Hulle geloof was sterk. Hulle het mekaar gehelp. Hulle het probeer om elke dag meer en meer vir Jesus te doen. (Vergelyk Openbaring 2:19)

Sjoe, dit klink of dit goed gaan met hulle. Sal daar iets wees wat die Here wil hê hulle moet verander? (Lig die koppie op en wys die lipstiffie.) Daar was 'n vrou met die naam Isebel wat verkeerde dinge gedoen het. Sy het mense oortuig om vleis te eet wat aan afgode geoffer is. Sy het hulle ook geleer om verkeerde dinge te doen. Die gelowiges in Tiatira het haar nie gekeer nie en ook nie met haar geraas nie. Hulle het haar net gelos om daarmee aan te gaan. Johannes skryf: "Sekere dinge wat julle doen, hou Ek egter niks van nie. Daardie slegte vrou, Isebel,

doen wat sy wil en julle laat dit toe." (Openbaring 2:20 in Bybel@kinders). Die lipstiffie herinner ons aan Isebel se slegte invloed en help ons om te onthou dat ons met ons monde en woorde mense moet help om die regte keuses te maak.

- Ek wonder hoe sal jy iemand help om nie verkeerde keuses te maak nie.

ALMAL: "Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees sê."

Gemeente 5 – Sardis

Die gemeente in Sardis het 'n goeie naam gehad. (Daar kan 'n mooi naambord op die kerkie wees.) Almal het van hulle geweet. Hulle was bekend. Hulle het gemaak of hulle 'n baie goeie gemeente is. Maar hoe het hulle binnekant gelyk?

(Lig die koppie op om die wekker te wys.) Wat doen 'n wekker? (Dit maak ons wakker as ons slaap!) Wat beteken dit as 'n mens sê die gemeente slaap? (Hulle is lui en hulle luister nie.)

Wat sê God vir hulle in Johannes se brief? "Julle maak of julle 'n goeie gemeente is. Maar eintlik dien julle nie die Here soos julle moet nie. Word wakker! Moenie die bietjie Christelikheid wat nog in julle oor is, ook verloor nie." (Openbaring 3:1–2 in Bybel@kinders) Die wekker herinner ons aan die Sardis-gemeente wat aan die slaap was. Ons wil elke uur van die dag voluit vir Jesus lewe.

- Ek wonder hoe kan jy elke dag voluit vir Jesus lewe.

ALMAL: "Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees sê."

Gemeente 6 – Filadelfia

Die gemeente in Filadelfia se kerkie het sterk bly staan, al was hulle swak. Hulle het baie moeilike tye deurgegaan en probleme gehad. Hulle was nie belangrik in Filadelfia nie en tog het hulle deur dik en dun Christene gebly. Hulle was nie skaam vir Jesus nie. (Vergelyk Openbaring 3:8 in Bybel@kinders)

Maar wat wil God vir hulle vertel? (Lig die koppie op en wys die klein Bybeltjie.) God herinner hulle deur die brief van Johannes dat hulle moet vashou aan sy boodskap. "Omdat julle aan die boodskap van my volharding in lyding vasgehou het, sal Ek julle ook vashou in die tyd van beproewing wat oor die hele wêreld gaan kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel." (Openbaring 3:10)

Die Bybeltjie herinner ons aan die gemeente in Filadelfia wat in moeilike tye die woorde van God moes onthou. Ons wil elke dag die Bybel lees, sodat ons God se beloftes kan ken.

- Ek wonder wat maak jy met jou Bybel (of Kinderbybel) en wanneer lees jy daaruit.

ALMAL: "Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees sê."

Gemeente 7 – Laodisea

Die gemeente in Laodisea het gedink hulle is ryk en het niks nodig nie. Hulle kerkie het bo geblink, maar onder... (gestink!) Hoe lyk hulle binnekant? (Lig die koppie op om 'n teesakkie te wys.)

Hoekom is hier 'n teesakkie? Wat doen 'n mens met 'n teesakkie? Ek het louerige, kouerige water hier. Ek gaan nou tee maak. (Sit die sakkie in 'n koppie en gooi die lou water by.) Gaan dit werk? Hoekom nie? Hoe dink julle smaak tee wat met lou water gemaak is? Dit smaak flou; dit is nie lekker nie. Dit is beter om die tee glad nie te maak nie as om lou water te gebruik.

Johannes sê dis beter om te kies om voluit vir Jesus te lewe. Daar moet warm liefde in jou hart vir Hom wees. Baie mense het nog nooit die Goeie Nuus gehoor nie. Hulle is koud, maar wat as hulle sou hoor – dalk glo hulle. Maar om lou te wees beteken jy ken vir Jesus en tog is jy nie lief vir Hom nie. Hoor wat staan in Openbaring 3:14,15: "Ek weet alles wat julle doen. Ek weet dat julle nie koud is nie, en ook nie warm nie. As julle tog maar koud of warm was. Maar nou, omdat julle lou is, nie warm nie en ook nie koud nie, gaan Ek julle uit my mond uitspoeg." Om lou te wees, is om te weet wat om te doen, maar nie lus te wees om dit te doen nie, bv. om kerk toe te kom, maar dit halfhartig te doen of met 'n slegte gesindheid. (Gee nog voorbeelde op die kinders se vlak.)

Die teesakkie herinner ons aan die gemeente in Laodisea wat nie koud of warm was nie, maar lou. Dit help ons onthou om aan die brand te wees vir Jesus!

- Ek wonder wat sou jy vir die gemeente in Laodisea sê.

ALMAL: "Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees sê."

Sluit af met Openbaring 3:20.

(Reël met iemand om eers hard aan ŉ deur te klop voor jy lees.) Hoor julle die klop? Dis mos iemand wat wil inkom... (Laat die persoon inkom.)

In Openbaring 3:20 sê Jesus: "Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom ŉ feesmaal hou, en hy saam met my."

Jesus sê dat Hy in jou wil woon. Jy is ook soos hierdie kerkies. (Wys na die koppies/kerkies.) Jy kan kies om die deur vir Hom oop te maak. Wanneer Jesus se Gees in jou woon, help Hy jou om jou binnekant ook mooi te maak, sodat jy vol liefde kan wees en Hom voluit kan volg.

Werskaf

Maak kerkies. (Sien prente.) Binne-in kan al die simbole met ŉ verduideliking (sien volgende bladsy) kom.
Kleiner kinders kan die kerkies versier.







Die 7 briewe aan die 7 gemeentes in Openbaring (Op 2–3)

Efese

Die hartjie herinner ons aan die gelowiges in Efese wat nie meer vir Jesus so liefgehad het nie. Ons wil onthou om elke dag vir Jesus lief te hê met alles in ons!

- Ek wonder hoe jy vir Jesus kan sê of wys dat jy Hom liefhet.

Smirna

Die boeie herinner ons aan die gelowiges in Smirna wat tronk toe is vir hulle geloof. Ons wil onthou dat God by ons is as dit swaar gaan.

- Ek wonder hoe die mense van Smirna oor die brief gevoel het.
- Ek wonder hoe sal jy voel as jy moet hoor dat jy in die tronk gaan beland terwyl jy niks verkeerd gedoen het nie.

Pergamum

Die watte herinner ons aan die gemeente in Pergamum wat nie wou luister nie. Ons wil ons ore oop hou vir die woord van God.

- Ek wonder... het jy al gehoor dat mense sê: "dis reg om te doen" en dan weet jy dis iets waarvan God nie hou nie.
- Ek wonder wat maak dit moeilik om die regte keuses te maak.

Tiatira

Die lipstiffie herinner ons aan Isebel se slegte invloed en help ons om te onthou dat ons met ons woorde mense kan help om die regte keuses te maak.

- Ek wonder hoe jy iemand sal help om nie verkeerde keuses te maak nie.

Sardis

Die wekker herinner ons aan die Sardis gemeente wat aan die slaap was. Ons wil elke uur van die dag voluit vir Jesus lewe.

- Ek wonder hoe kan jy elke dag voluit vir Jesus lewe.

Filadelfia

Die Bybeltjie herinner ons aan die gemeente in Filadelfia wat in moeilike tye die woorde van God moes onthou. Ons wil elke dag Bybel lees, sodat ons God se beloftes kan ken.

- Ek wonder wat maak jy met jou Bybel (of Kinderbybel) en wanneer lees jy daaruit.

Laodisea

Die teesakkie herinner ons aan die gemeente in Laodisea wat nie koud of warm was nie, maar lou. Ons wil "aan die brand" wees vir Jesus!

- Ek wonder wat sou jy vir die gemeente in Laodisea sê.

Sluit af met die seënbede